

21 September

Skrifgedeelte: Johannes 2:1-22

Fokusgedeelte: Johannes 2:11,21

Die Lam van God is ook die Bruidegom, Hy bring fees in jou lewe

Gedurende sy selfopenbaring beweeg die Here Jesus, na die roeping van sy eerste vyf dissipels, al hoe meer in die publieke lewe in: eers op die bruilof te Kana tussen familie en vriende en daarna in Jerusalem voor die volk en hulle leiers. Dit is opmerklik dat Jesus met hierdie eerste van sy tekens, by 'n bruilof begin. Daar sit iets feestelik in as Jesus water in wyn verander. Dit was destyds al die plig van die bruidegom om te sorg dat daar genoeg wyn is. As Jesus wyn maak, beteken dit eintlik dat Hy die plig van die bruidegom oorneem. Hy doen dit oorvloedig – sowat sewe honderd liter. Ja, die Messias bring blydschap in ons lewens. Hiervan is ons Christelike huwelike seker die grootste bewys. Die formulier sê: Daarom het Jesus die huwelik ook so hoog geëer deur sy teenwoordigheid en wondertekens op die bruilof in Kana. In die oorvloed wyn sien die dissipels sy heerlijkheid en hulle geloof in Hom word versterk. Net voor die Paasfees in Jerusalem laat blyk Hy ook tydens die tempelreiniging sy heerlijkheid, want die tempel is beeld van sy liggaam. Hy kom nie net wyn gee nie. Hy kom gee die tempel van sy Liggaam oor aan die dood om na drie dae op te staan. Dit is genade in oorvloed! Is ons lewens, ook ons huwelike, 'n fees terwyl ons vir die Bruidegom wag?

Sing: Psalm 81:12

Ds J Venter (Emeritus)